




eduresourceza.com



ST BENEDICT'S

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EKSAMEN VRAESTEL 1

NOVEMBER 2022

GRAAD 11

EKSAMINATOR: Me. R. Vink

TYD: 2 URE

MODERATORS: Me. L. Swart

TOTAAL: 90

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.
2. Die vraestel bestaan uit drie afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip (30 punte)
AFDELING B:	Poësie (30 punte)
AFDELING C:	Taalvaardigheid (30 punte)

3. Begin elke AFDELING op 'n nuwe bladsy.
 4. Beantwoord ALLE vrae.
 5. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 6. Alle vrae moet in Afrikaans beantwoord word.
 7. Laat 'n reël tussen elke antwoord oop.
 8. Lees al die vrae goed deur en skryf netjies.
 9. Sterkte!
-

AFDELING A: LEESBEGRIP
VRAAG 1: ARTIKEL

Lees deur die volgende artikel oor 'n kompetisie en beantwoord die vrae wat volg.

Wen kaartjies na die Bosveld Musiek Karnaval



Twaalf van die land se beste Afrikaanse kunstenaars sal Saterdag 15 Oktober vir twaalf aaneenlopende ure vermaak vir besoekers verskaf. (Foto: Verskaf)

- 1 Twee gelukkige Maroela Media-lesers staan die kans om hul gesinne te bederf met 'n uiters unieke musiekfees in die Bosveld. Die Bosveld-musiekkarnaval vind van 14 tot 16 Oktober by die Sondela-natuurreservaat buite Bela-Bela (Warmbad) in Limpopo plaas en besoekers kan uitsien na puik kampeergeriewe, talle pretaktiwiteite, lekker braaivleisvure en 12 uur se sangvermaak onder die Bosveld-sterre.
- 2 Altesaam 12 van die land se beste Afrikaanse kunstenaars, onder wie Karlien van Jaarsveld, Kurt Darren, Nicholis Louw, Leah en Ruan Josh, sal Saterdag 15 Oktober vir 12 uur aaneenlopend vermaak vir besoekers verskaf en twee Maroela-Media-lesers kan elk vier kaartjies na die vertoning wen.
- 3 Gesinne kan ook uitspan vir 'n naweek vol pret, vermaak en saamkuier by Sondela se geriewe, wat onder meer warmwaterswembaddens, wildritte, perdrygeleenthede, spa-behandelings en vele meer insluit.
- 4 Die wat vinnig honger raak, kan uitsien na die reservaat se splinternuwe restaurantarea, sowel as kenmerkende "karnavalkos" wat deurlopend te koop sal wees. Iets te drink is beskikbaar by verskeidenheid Ketelkraal-kroeë of by die Van Loveren-wyntuin.
- 5 Bo en behalwe Sondela se wêreldklas-akkomodasie, wat chalets en kampering insluit, kan gaste ook kies om in toegeruste tenthuise te bly.
 - Akkomodasie in 'n tenthuis vir twee kos R1 800.
 - Kaartjies vir die konsert kos R150 vir kinders onder die ouderdom van 12 en R250 vir volwassenes.
 - Toegeruste tente en konsertkaartjies kan deur TicketPro by ekspoo.co.za gekoop word.

6 WEN!

Vul die kompetisievorm hieronder in om die kans te staan om 'n stel van vier kaartjies vir die Bosveld-musiekkarnaval los te slaan.

7 Die sluitingsdatum vir die kompetisie is **Sondag 9 Oktober om 23:45.**

- Die kaartjies is slegs geldig vir 15 Oktober 2022.
- 'n Wenner sal getrek word.
- Deelnemers moet ouer as 18 jaar wees.
- Die beoordelaars se besluit is finaal.
- Die trekking sal direk na die sluitingsdatum plaasvind waarna Maroela-Media per e-pos en/telefonies met die wenner kontak sal maak.
- Die prys kan nie vir kontant omgeruil word nie.
- Die wenner is self vir reis- en verblyfreëlings verantwoordelik.

[Aangepas uit: <https://maroelamedia.co.za/vermaak/musiek/wen-kaartjies-na-die-bosveld-musiek-karnaval/>]


-
- | | | |
|-------|--|-----|
| 1.1 | Watter fees word in die teks geadverteer? | (1) |
| 1.2 | Wie bied die kompetisie aan? | (1) |
| 1.3 | Wanneer vind die fees plaas? | (1) |
| 1.4 | In watter provinsie vind die fees plaas? | (1) |
| 1.5 | Watter een woord uit paragraaf twee dui aan dat die kunstenaar sonder ophou sal optree? | (1) |
| 1.6 | Hoekom sal beide die ouers en kinders hierdie naweek geniet? | (1) |
| 1.7 | <i>Al is dit die naweek tydens die fees baie koud, kan jy steeds lekker swem.</i> | |
| 1.7.1 | Sê of die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is. | (1) |
| 1.7.2 | Motiveer jou antwoord in vraag 1.7.1 deur na die teks te verwys. | (1) |
| 1.8 | Is dit nodig om jou eie kos na die fees te neem? Motiveer jou antwoord. | (1) |
| 1.9 | Waar kan jy kaartjies vir die fees koop? | (1) |
| 1.10 | Tot hoe laat het jy om aan die kompetisie deel te neem? | (1) |
| 1.11 | Mag enige persoon aan die kompetisie deelneem? Motiveer jou antwoord deur drie opeenvolgende woorde uit die teks aan te haal. | (1) |

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees deur die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

Opti-Kidz & Teens Studiemetodes

**VERBETER JOU
PUNTE IN
BEGRI PSTOETSE**



Begripstoetse toets jou vermoë om te lees, jou vermoë om te verstaan wat jy lees, en jou vermoë om vrae te beantwoord.




LEES IS BELANGRIK

Aangesien begripstoetse jou vermoë om te lees, en te verstaan toets, is dit goed dat jy gereeld lees. Probeer 'n punt daarvan maak om boeke te lees oor onderwerpe wat vir jou interessant is.

OEFEN VRAESTELLE IS DIE SLEUTEL TOT SUKSES

Probeer elke week ten minste een begripstoets uit 'n oefen vraestel te doen. So gaan jy gou gewoond raak aan die manier hoe die vrae gevra word en hoe om dit te antwoord.




www.studiemetodes.co.za info@studiemetodes.co.za

- 2.1 Wat word in die advertensie geadverteer? (1)
- 2.2 *As jy die program volg, sal jou punte in poësie verbeter.*
- 2.2.1 Sê of die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 2.2.2 Motiveer jou antwoord in vraag 2.2.1 deur slegs **een woord** neer te skryf. (1)
- 2.3 Wat moet jy volgens die advertensie doen om tekste beter te verstaan. (1)
- 2.4 Hoe beeld die advertensie visueel die verbetering van lees en begripstoetse uit? (1)
- 2.5 Volgens die advertensie, sal dit jou help om oefenvraestelle te doen. Noem **twee dinge** waarmee dit sal help. (2)
- 2.6 Waar kan jy meer inligting oor die advertensie kry? (1)

[8]

VRAAG 3: SPOTPRENT

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



[<https://www.volksbladnuus/photos/spotprent-met-30-universiteit-toelees-meer-by-httpswwwnetwerk24>]

- 3.1 Wat is die seun se punt vir Engels? (1)
- 3.2 Hoe weet ons die ma is geskok toe sy die punte sien? Verwys na haar liggaamstaal. (1)
- 3.3 Voel die seun goed oor sy punte? Motiveer jou antwoord deur na sy gesigsuitdrukking te verwys. (1)
- 3.4 Wat is in die bak op die tafel? (1)
- 3.5 Watter items in die teks dui aan dat die seun op skool is? Noem twee. (2)
- 3.6 In watter vertrek is die ma en seun? (1)
- 3.7 Watter verskoning gebruik die seun om sy punte te verdedig? (1)
- 3.8 Hoe weet ons die seun speel sport? (1)
- 3.9 Waarop sit die seun? (1)

[10]

AFDELING B: POËSIE
VRAAG 4: GESIENE GEDIG

Bestudeer die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Staan op! Fanie Viljoen

- 1 Staan op! As jy al ooit alleen was.
 - 2 Staan op! As jy al ooit gespot is omdat jy gesê het
 - 3 hoe jy werklik voel.
 - 4 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het dat
 - 5 niemand van jou sal hou as hulle jou werklik ken nie.
 - 6 Staan op! As jy al ooit verwerp gevoel het omdat
 - 7 jy te vet/ te maer /te lelik /te ... was.
 - 8 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het om
 - 9 "iets aan jouself te doen".
 - 10 Staan op! As jy dink daar is net donker in die toekoms.
 - 11 Staan op! As jy partykeer nie antwoorde het op jou vrae nie.
 - 12 Staan op! As jy al ooit jou pyn vir ander moes wegsteek.
 - 13 Staan op! As jy dink jy is nie aanvaarbaar soos jy is nie.
 - 14 Staan op! As jy al ooit gehuil het omdat jy jouself
 - 15 nie kan verander nie.
 - 16 En kyk - hoeveel mense sit nog om jou?
-

- 4.1 Watter tipe gedig is hierdie? (1)
- 4.2 Hoekom word die woorde "Staan op!" regdeur die gedig herhaal? (1)
- 4.3 Hoekom is die elips in reël 7 gebruik? (1)
- 4.4 "Om iets aan jouself te doen" reël 9:
 - 4.4.1 Waarna verwys die bogenoemde stelling? (1)
 - 4.4.2 Kies die korrekte antwoord: Die stylfiguur word [*eufemisme* / *klanknabootsing*] genoem (1)
- 4.5 Kies die korrekte antwoord: Reëls 8-9 word aan mekaar verbind deur die gebruik van van [*enumerasie* / *enjambement*]. (1)
- 4.6 Watter soort toekoms het jy as "daar is net donker" reël 10, in jou toekoms is. (1)
- 4.7 Hoekom dink jy sal tieners hulself wil verander? (1)
- 4.8 Hoekom is die aandagstreep in reël 16 gebruik? (1)
- 4.9 Hoeveel mense dink jy sit nog na al die vrae beantwoord is? (1)

VRAAG 5: GESIENE GEDIG

Bestudeer die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Sondagaande Fanie Viljoen

- 1 die aand stuur sy roofvoëls uit in die taai donker
 - 2 hulle draai eers rond
 - 3 hoog bo die stad se woonstelblokke
 - 4 maar mettertyd sirkel hulle laer, al laer
 - 5 en sink neer op die krom lamppale
 - 6 vanwaar hulle met skerp oë by vensters intuur
 - 7 na die prooi wat elke week sielalleen voor Sondagaande staan
-

- 5.1 Hoekom is die titel "**Sondagaande**" in vetruk? (1)
- 5.2 Haal 'n voorbeeld van personifikasie uit die gedig aan. (1)
- 5.3 Wat in die gedig is 'n metafoor vir "negatiewe gedagtes"? (1)
- 5.4 Watter **een woord** dui die wending in die gedig aan? (1)
- 5.5 Kan die roofvoëls alles goed raaksien? Motiveer jou antwoord. (1)
- 5.6 Verduidelik die progressie in die gedig. (2)
- 5.7 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
- 5.7.1 Die woord "sielalleen" in reël 7 is 'n voorbeeld van:
 - A Progressie
 - B Neologisme
 - C Eufemisme
 - D Anafora (1)
- 5.8 Wie is die "prooi" in reël 7? (1)
- 5.9 Volgens die gedig, kom die roofvoëls gereeld of baie? Motiveer jou antwoord. (1)


[10]

VRAAG 6: ONGESIENE GEDIG

Bestudeer die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Biologieklas (Elrien Scheepers)

- 1 daar sit
- 2 'n rooiborsduifie
- 3 op die klaskamer
- 4 se vensterbank
- 5 as jy haar pensie oopsny
- 6 die bloederige veertjies
- 7 versigtig wegvee
- 8 sal jy haar stil hart
- 9 onder jou vingers vind
- 10 ek vou die duif
- 11 in my hande toe
- 12 ek wens dat jy
- 13 my sal raaksien
- 14 my hart so skugter
- 15 'n bondel bloederige aartjies
- 16 wat kloep
- 17 vir jou



[<https://pixabay.com/nl/vectors/duif-hart-amour-dol-zijn-op-vrede-159071/>]

- 6.1 Voltooi die volgende sin. Hierdie gedig bestaan uit 6.1.1 _____ strofes en 6.1.2 _____ reëls. (2)
- 6.2 Haal twee bewyse uit die teks aan dat hierdie gedig in 'n skool afspeel. (2)
- 6.3 Watter tipe spreker kom in die gedig voor? (1)
- 6.4 Wat word 'n strofe met vier versreëls genoem? (1)
- 6.5 Na wie/wat verwys die "haar" in reël 5? (1)
- 6.6 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 4 aan. (1)
- 6.7 *Die spreker in die gedig is verlief.*
 - 6.7.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
 - 6.7.2 Motiveer jou antwoord in vraag 6.7.1 deur na die gedig te verwys. (1)

[10]

AFDELING C: TAALVAARDIGHEID
VRAAG 7: SINSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent hieronder en skryf die sinne soos aangedui oor.



[<https://za.pinterest.com/pin/852658141935791345/>]

7.1 Die seun doen altyd sleg op skool.

Nee,... (1)

7.2 Die pa moet die seun met sy skoolwerk help.

Die pa behoort... (1)

7.3 Matthew staan en praat met sy pa oor sy slegte punte.

Laasweek... (1)

7.4 Die pa sê: "Ek sien 'n "F" vir Afrikaans.

Die pa sê... (1)

7.5 Die pa lees vanoggend die koerant vinnig in sy stoel.

Die koerant... (1)

7.6 Die pa lees die koerant. Hy glo nie die informasie nie.

Al... (1)

- 7.7 Matthew het 'n slegte houding teenoor sy punte.
Oor twee dae... (1)
- 7.8 Die pa vra: "Hoekom is daar 'n "F" op die rapport?"
Die pa vra... (1)
- 7.9 Die seun het slegte punte, want hy speel te veel in die klas.
Die seun het slegte punte omdat... (1)
- 7.10 Die pa straf die seun oor sy slegte punte.
Die pa hoef... (1)
- 7.11 Is jy bly oor die punte op die rapport?
Nee,... (1)
- 7.12 Matthew sal Afrikaans in sy kamer oefen.
Afrikaans... (1)
- 7.13 Matthew oefen woordeskat om beter te doen.
Matthew oefen woordeskat sodat... (1)
- 7.14 Die pa vra of die ander leerders goed gedoen het.
Die pa vra: "..." (1)
- 7.15 Die pa het die koerant in sy stoel gelees.
Vandag... (1)

[15]

VRAAG 8: WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die onderstaande strokiesprent. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf slegs die nommer en korrekte antwoord neer.



[<https://www.google.com/search?q=strokiesprente+vir+kinders+in+afrikaans&tbm>]

Om te rus is net so belangrik as om te werk

Die tyd van die jaar raak dinge **8.1 (stadig - gee vergrotende trap)** en dit word rustiger in die meeste **8.2 (werksplek - gee meervoud)**.

Dit is 'n tyd wanneer mense by hul gesinne en **8.3 (family - gee die Afrikaanse woord)** moet uitkom en met vakansie gaan om te rus. Die wêreld kan maar vergaan, daar sal eers in **8.4 (Januarie - gee afkorting)** weer wakker gelê word oor die **8.5 (moeilik - gee korrekte vorm van woord)** probleme en uitdagings van werk. Hierdie **8.6 (tyd - gee verkleining)** is van korte duur, want om te rus is lekker en wanneer iets lekker is vlieg die tyd.

Die vraag bly **8.7 (altyd - gee die antoniem)**, wat is rus? Is rus nodig? Natuurlik is rus nodig, ons kry net nie altyd die nodige rus nie. Net soos jou **8.8 (ligaam/liggaam - kies korrekte spelling)** **8.9 (voedsel - gee sinoniem)** nodig het om te oorleef, het jou siel en gees ook rus nodig. Dalk omdat ons **8.10 (belowe/glo - kies korrekte woord)** dat om besig te bly is beter as om te rus. Baie **8.11 (jong/jonk - kies die korrekte woord)** tieners sal dalk beter **8.12 (op/van/met - kies korrekte voorsetsel)** skool doen as hulle meer effektief rus.

Wanneer jou liggaam rus is die **8.13 (belangrik - gee oortreffende trap)** ding om jou energievlakke te herstel. 'n Gesonde dieet en genoeg slaap is nodig om jou liggaam in stand **8.14 (___ - vul in die ontbrekende woord)** hou. Jy moet ten minste teen **8.15 (22:00 - skryf die tyd uit)** in die aand gaan slaap om regtig uitgerus te voel. Tieners voel soms **8.16 (kwaad - gee intensiewe vorm)** en geïrriteerd wanneer **8.17 (sy/hom/hulle - kies korrekte voornaamwoord)** nie genoeg slaap nie. Daar is baie werk om op **8.18 (hoog + skool - gee samestelling)** te doen en tieners voel soms oorweldig. Die realiteit dat mens as volwassene ook so gaan voel, maak dinge nie beter nie.

[18 x ½ = 9]

VRAAG 9: KOMMUNIKASIE

- Voer die instruksies uit deur elke keer die **direkte woorde** van die persoon wat praat neer te skryf.
- Elke respons **moet tussen 15 – 20 woorde** wees. Skryf die **woordtelling** na elke respons neer.
- Jy mag nie die **vetgedrukte** woorde in jou respons gebruik nie.



[https://www.google.com/search?q=teacher+and+learners&rlz=1C1GCEU_enZA957ZA958&source]

Die St Benedict's seuns sit in die Afrikaansklas en probeer die moeilike gedig wat die onderwyseres verduidelik, verstaan.

- 9.1 Johan is baie **kwaad**, want hy verstaan nie die gedig nie. Wat sê hy vir sy onderwyseres en watter **rede** gee hy waarom hy nie die gedig verstaan nie. (2)
- 9.2 Die onderwyseres besef die werk is moeilik en sy besluit om die gedig weer te verduidelik. Wat sê sy vir Johan om hom te **kalmeer** en hom te **oortuig** om weer te probeer. (2)
- 9.3 Johan **gee op** en besluit om liever op vanaand se partytjie te fokus. Hy wil graag die meisie langs hom saamneem na die partytjie. Wat **vra** hy vir haar en watter **rede** gee hy om haar te **oorreed** om saam met hom te gaan. (2)

[6]

TOTAAL AFDELING C: 30

eduresourceza.com